**Skriflesing:** Open 22:6-21
**Tema:** Ons uitsig op ons toekoms, gee vandag nuwe betekenis.

Baie mense leef met verwagtingloosheid. Hoe maklik gebeur dit nie dat ons elke dag maar net deur ons alledaagse doodse roetine worstel nie?
Ons verwag nie iets van vandag nie en ook nie van die toekoms nie. Ons raak apaties en leef raak nie, smaak nie, traak nie lewens.
Iemand skryf oor so 'n lewenshouding: "Dit glo in niks nie, gee niks om nie, wil niks weet nie, meng met niemand nie, geniet niks nie, haat niks nie, het niks lief nie, vind sin in niks nie, leef vir niks nie en bly lewe omdat daar niks is om voor te sterf nie" (Donald Capps).
Vasgevang in die dryfsand van die wêreld glo ons dat daar geen uitkoms meer is nie.

So 'n verwagtingloosheid is nie net beperk tot individue nie, dit raak ook kerke en samelewings en die Covid pandemie het dit kom aanblaas.
Ons leef nie meer nie. Ons oorleef van dag tot dag, sleepvoetend met pantoffels aan en krullers in die hare. Ons sien geen meer uitdagings of geleenthede nie.

By ons as kerk is daar dikwels ten diepste 'n die gebrek aan verwagting dat God se lig duisternis sal verdryf en dat God se liefde oor vrees en haat sal seëvier.
In ons eie lewe en die lewe van ons as kerk ontbreek dikwels 'n verwagting dat God ons lewe, ons land en die wêreld kan verander en nuut maak soos wat Hy reeds elke dag doen. Daar ontbreek 'n afwagting op 'n beter toekoms wat vir ons voorlê.

Dalk is een van die redes vir die afstomping van ons verwagting van God en sy nuwe wêreld daarin geleë dat ons in ons lewens plaasvervangende dinge vir God het waarop ons eerder wag. Ons wag vir beter ekonomiese tye, gesondheid, groter sekuriteit of een of ander geluk wat na ons kant toe kom. Ons wag vir ons skip om in te kom.

Hierdie dinge is nie verkeerd nie. Dit is menslik om hiervoor te wag, maar hierdie dinge kan nie lewenssin en -passie by ons werk nie.

Dit is daarom goed om te onthou dat die vroeë kerk nie bloot gewag het vir 'n nuwe tydperk nie, hulle het gewag vir Iemand.

Gelowiges wat na sy eerste koms geleef het, het swaargekry op aarde. Hulle is verwerp, beskinder en mishandel.
Maar hul het in geloof geleef uit die vrug van Christus se eerste koms, uit sy vergifnis en verlossing. En hulle het met opgewondenheid uitgesien na sy wederkoms. Daarom leef hulle! En hulle bid en roep onder leiding van die Heilige Gees uit: "Marana ta!" Kom Here Jesus!

Ons toekoms is nie iets nie. Die is nie 'n nuwe politieke bedeling nie, die verdwyn van Covid, beurtkrag of die regte lotto nommers nie. Dit is Iemand.
Hierdie Iemand, Jesus Christus kom gou. Dit is so belangrik dat hy dit 3 maal bevestig. (Open 22:7, 12 en 20)
Hy belowe om hierdie wêreld eenmaal vir altyd nuut te maak. Vir ons om met verwagting, hoop en passie te lewe is dit belangrik om te fokus op die Een wat weer kom.

Ons uitsig op hierdie toekoms, gee vandag nuwe betekenis.

By die mannegroep het een van die manne hierdie mooi voorbeeld, wat hy gehoor het tydens ‘n geestelike oordenking, gedeel.
Soos die meeste van ons manne raak hy redelik opgewerk as hy rugby kyk, veral as sy gunsteling span speel en dan onnodige foute maak. Nou het hy begin om die wedstyde op te neem. Hy kyk eers na die uitslag voor hy na die wedstryd kyk. Hy kyk nou net sy span se wen wedstryde en, omdat hy weet dat sy span gaan wen, ontstel die foute hom nie meer so baie nie.

In Openbaring het ons die laaste paar weke gehoor wat die “eindtelling” vir ons as kinders van die Here is. In Christus is ons meer as oorwinnaar. En omdat ons dit weet, ontstel die wêreld vol onnodige foute waarin ons vandag leef, ons nie meer so baie nie.

Maar ons staan nie net en wag met hoop en passie op sy koms nie. Die Here roep ons op om, totdat Hy kom, sy aktiewe medewerkers te wees.

**Ons moet vandag voortgaan om reg te doen en heilig te leef.**
Met die Heilige Gees in beheer van ons lewens weet ons wat reg is en moet ons dit doen. Ons moet streef daarna om heilig, volmaak en sonder sonde soos Christus, te leef.

**Ons moet nou die Here aanbid (Open 22:9)**
Ons aanbid Hom met ons lewens, maar ook in gebed en sang.
In Open 22:14 lees ons die laaste seën uitspraak in die boek Openbaring: “Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.”

**Ons moet ons nou besig hou met die Woord.**
Daar is sewe seën uitsprake in Openbaring. Twee van die uitsprake gaan oor die leer en leef van die Woord.
In Openbaring 1:3 lees ons: “Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby
In Openbaring 22:7 staan daar: “Jesus sê toe: “Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.”

**Ons moet nou die evangelie verkondig.**
Ons as kerk is die bruid van Christus. Soos ‘n bruid praat oor haar naderende huwelik, so kan ons nie anders as om te praat oor ons Bruidegom wat oppad is.
Ons lees in Open 22:6 dat God sy Gees aan die profete gegee het om hulle getuies te maak. In Openbaring 22:10 lees ons: “Verder sê hy vir my: “Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby.”

In die vroeë kerk het mense mekaar gedurig, selfs by elke ete, aan Jesus se koms herinner. Dit was ‘n tipiese gebed van die vroeë kerk dat Jesus moet kom.
Onder leiding van die Heilige Gees moet ook ons ook die uitnodiging in vers 17 en 20 laat weerklink:
Open 22:17a: “Die Gees en die bruid sê: “Kom!” En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom!”
Open 22:20: “Amen! Kom, Here Jesus!”

En ons moet ook mense uitnooi in die woorde van Open 22:17b: “En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!”

**Afsluiting**

Ons toekoms is God se toekoms met ons is.
En ons einde op aarde is nie die einde nie, maar die begin van die volmaakte lewe met God.
Ons toekoms is iets wat ons lewens vandag onherroeplik verander. Daarom kan ons nou, in hierdie stukkende wêreld, in opgewonde afwagting op Hom leef.
Amen